

My eie
**Bly-by-
die-huis**
DAGSTUKKIES

30 dae se
dagstukkies
net vir jou
in hierdie
moeilike tyd



Since 1937

CEF
CHILD EVANGELISM
FELLOWSHIP®
Reaching children worldwide™



GENESIS 18:10-11, 13-14

¹⁰Toe sê die Een (die Here)...dan sal jou vrou Sara 'n seun hê...

¹¹Abraham en Sara was albei al baie oud... ¹³Toe vra die Here vir Abraham: "Waarom lag Sara?... ¹⁴Is iets te buitengewoon vir die Here? Op die vasgestelde tyd...sal Sara 'n seun hê..

Die ruimtetuig Columbia, wat 2200 ton geweeg het, het weggetrek met 'n lang brandende stert. Twee minute later was dit al 37 km weg, die ruimte in. Dit het om die aarde gewentel teen 27 000 km per uur. Dink net aan die krag wat nodig was om daardie groot vuurpyl in die ruimte te kry teen so 'n spoed!

Het jy geweet dat God magtiger is as dit? Die Bybel sê: "Die Here is lankmoedig...sy krag is groot..." (Nahum 1:3). Hy het die hemel en die aarde gemaak. God het net gesê en dit was daar! Hy is almagtig. Hy regeer oor al die nasies. God se mag het geen beperking nie. Hy kan enige iets laat gebeur.

Die Bybel vertel vir ons van Abraham en Sara. God het hulle belowe dat hulle baie kinders sou hê, maar geen kinders is gebore nie. Eendag stuur God toe 'n engel na Abraham toe. Teen daardie tyd was Abraham en Sara altwee al amper 100 jaar oud. Die engel sê toe dat Sara die volgende jaar 'n seuntjie sou hê. Dit was onmoontlik! Sara begin toe lag, maar die engel sê vir haar: "Is iets te buitengewoon vir die Here?" (Genesis 18:14). En sowaar, Sara het die volgende jaar 'n babaseuntjie gehad. Omdat God almagtig is, kon Hy maak dat hierdie onmoontlike ding met Sara gebeur het. As jy weer 'n probleem het, onthou dat God almagtig is en dat Hy jou wil help.



DINK HIEROOR!

Op watter maniere wys God sy krag?



PRAAT MET GOD

Vertel vir die Here hoe groot en magtig Hy is. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou wanneer 'n probleem vir jou onmoontlik lyk.



KOLOSENSE 1:15-17

¹⁵ Hy is die beeld van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. ¹⁶ God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. ¹⁷ Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand.

Het jou ma al ooit vir jou gesê: “Jy is nou in beheer?” Wanneer jy in beheer van iets is, dan is jy soos ‘n koning wat daaroor regeer. Jy het beheer daaroor en is verantwoordelik daarvoor om seker te maak dat die opdrag uitgevoer word.

Het jy al ooit gewonder wie in beheer van die wêreld is? Die Bybel leer vir ons dat God soewerein is. Dit beteken dat Hy in beheer is van dinge. Hy is die grootste regeerder. Geen regeerder is belangriker as God nie. God heers die hele tyd oor alles en almal. Niks kan gebeur as Hy nie toelaat dat dit gebeur nie. Hy is in beheer van alles: in die dag en in die nag – 24 uur van die dag, sewe dae van die week, 52 weke van die jaar. Hy slaap nooit nie en gaan nie met vakansie nie.

Hoe lank sal God regeer? Die Bybel sê: “Die Here regeer tot in ewigheid!” (Eksodus 15:18). God was nog altyd in beheer en Hy gaan ook vir ewig in die toekoms in beheer wees. Wat beteken dit vir jou? Dit maak nie saak wat in jou lewe gebeur nie, jy hoef nie bang of ontsteld te wees nie, want God is in beheer. Hy het jou lief en Hy wil hê jy moet Hom volkome vertrou. God is die grootste. Hy is soewerein. Hy is die Koning van konings.



DINK HIEROOR!

Watter woord beteken dat die Here in beheer van alles is?

Liefde

Soewerein

Vertrou

Heilig



PRAAT MET GOD

Prys die Here dat Hy in beheer is van alles.

Vra Hom om jou te help om Hom in alles te vertrou.

**ROMEINE 8:26, 28**

²⁶ Die Gees staan ons ook in ons swakhede by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. ²⁸ Ons weet dat God alles ten goede laat *saamwerk* vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

God is soewerein–Hy is altyd in beheer. God doen dit wat Hom behaag. Hy besluit of ons kan doen wat ons beplan het. Hy het totale beheer oor alle mense. Niks wat in ons lewens gebeur is ooit vanuit God se oogpunt buite beheer nie.

Het jy al ooit gedink dat dinge in jou lewe buite beheer is? Miskien het iemand vir wie jy baie lief is seergekry in 'n groot ongeluk, of miskien het die persoon gesterf aan 'n ernstige siekte. Miskien gaan jou gesin deur 'n moeilike tyd omdat een of albei jou ouers hulle werk verloor het. Miskien is iemand baie lelik met jou of onregverdig teenoor jou. Wanneer jy siek is, of wanneer probleme oor jou pad kom, moet jy glo dat God jou liefhet en dat Hy alles onder beheer het. Hy sal doen wat vir jou die beste is, al dink jy nie dat wat gebeur het, goed is nie.

Die Bybel sê: “Ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir die wat Hom liefhet...” (Romeine 8:28). Niks wat met jou gebeur is so klein dat God nie daarvan weet nie en niks is so groot dat Hy dit nie kan beheer nie. Wanneer jy nie kan verstaan waarom dinge gebeur nie, onthou dat God in beheer is daarvan. Jy kan jou Hemelse Vader vertrou.

**DINK HIEROOR!**

Wat behoort jy te onthou wanneer jy deur 'n moeilike tyd gaan?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy in beheer van jou lewe is.
Vra Hom om jou te help om te onthou dat Hy jou liefhet en sal doen wat die beste vir jou is.

**FILIPPENSE 4:6-7**

⁶ Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. ⁷ En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

God het nooit belowe dat sy kinders 'n lewe vry van probleme en pyn sal hê nie. God laat toe dat moeilike dinge gebeur terwyl Hy sy plan vir ons lewens uitvoer.

Dit is net so belangrik om op God te vertrou as wat dit is om aan Hom gehoorsaam te wees. Wanneer jy God nie vertrou nie, is jy eintlik besig om te twyfel of Hy werklik in beheer is en of Hy goed is. God wil hê dat jy moet leer om Hom elke dag, die hele dag lank, te vertrou. Hy wil hê dat jy Hom moet vertrou in die goeie tye en ook in die moeilike tye. Om God te vertrou beteken om met jou hele hart te glo dat Hy in beheer is en dat Hy doen wat vir jou die beste is.

Hoe wys jou lewe dat God in beheer is? Wanneer 'n moeilike ding oor jou pad kom behoort jou eerste reaksie te wees om God te vertrou (aan Hom vas te hou). Jy kan God vertrou omdat jy weet dat Hy dit vir 'n spesifieke rede toegelaat het. Praat met God in gebed en vertel vir Hom al jou probleme. As jy God vertrou sal Hy vir jou vrede en kalmte in jou hart gee. Dank Hom vir die werking in jou lewe om jou meer en meer te maak soos Jesus.

**DINK HIEROOR!**

Merk die tye wanneer jy God moet vertrou.

In goeie tye

Nooit

In moeilike tye

Altyd

**PRAAT MET GOD**

Vra God om jou te help om Hom in goeie en moeilike tye te vertrou. Vra Hom om vir jou vrede te gee.

**ROMEINE 5:6-8**

⁵ Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. ⁷ 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. ⁸ Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Jy weet wat liefde is, nie waar nie? Wanneer jy iemand liefhet, wil jy altyd naby daardie persoon wees. Jy wil vir daardie persoon sorg en lekker dinge vir hom of haar doen. Jy vergewe so 'n persoon sommer vinnig as hy iets verkeerd gedoen het.

God se liefde is soveel groter en wonderliker as die liefde wat ons vir ander mense het. God sê in Jeremia 31:3: "Ek het jou nog altyd liefgehad..." God se liefde is so groot dat dit vir ewig hou! Sy liefde vir jou sal nooit ophou nie.

Daar was nooit 'n tyd wat God jou nie liefgehad het nie. Hy het jou liefgehad nog voor jy gebore is. Hy het presies geweet wanneer jy gebore sou word, watter kleur jou oë en hare sou wees en wie jou ouers sou wees. Hy het jou so lief dat Hy net die beste vir jou wil hê.

God het jou so lief dat Hy sy perfekte, eniggebore Seun, die Here Jesus, gestuur het om in jou plek aan die kruis te sterf. Jesus se kruisdood is die grootste bewys van God se liefde. Hy het belowe dat as jy in Jesus glo as jou Redder, sál Hy jou eendag saamvat hemel toe om vir ewig by Hom te bly. Kan jy sien hoe baie God jou liefhet?

**DINK HIEROOR!**

Hoe het God gewys dat Hy jou baie liefhet?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie vir Sy groot liefde vir jou. Vra Hom om jou te help om Hom lief te hê en jou beste vir Hom te gee.

**DEUTERONOMIUM 7:8-9**

⁸ Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny...

⁹ “Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam, ...

Het iemand al ooit ‘n belofte aan jou gemaak en dit nie nagekom nie? Jy het regtig op die persoon vertrou en hy het jou in die steek gelaat. Miskien het jy al gewonder wie jy regtig kan vertrou.

Die Bybel leer vir ons dat daar iemand is wat jou nooit in die steek sal laat nie, wat nooit Sy beloftes aan jou sal verbreek nie – dit is God! God sal altyd getrou wees aan sy Woord en aan elke belofte wat Hy gemaak het. Omdat God perfek is, kan Hy jou nooit in die steek laat nie, nie eers eenkeer nie. Die Bybel sê: “Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God...” (Deuteronomium 7:9). Hierdie waarheid behoort vir jou vrede en vertroue te gee om elke dag te lewe.

Wat as jy nie getrou is aan God nie? Wat as jy God in die steek laat? Sal Hy nog steeds aan jou getrou bly? Sal Hy jou in die steek laat? Die een wonderlike ding omtrent God is dat Hy altyd aan ons getrou bly, selfs al is ons nie getrou aan Hom nie. Wanneer dinge skeefloop en jy soveel probleme het wat lyk of dit buite beheer is, kan jy verseker weet dat God jou nooit in die steek sal laat nie. Dank Hom dat Hy elke dag by jou staan en getrou is aan jou.

**DINK HIEROOR!**

Wie sal nooit Sy belofte aan jou breek nie?

God

ander mense

Satan

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy altyd by jou is en jou nooit in die steek sal laat nie. Dank Hom dat Hy elke dag getrou is.

**JESAJA 55:8-9**

⁸ My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; ⁹ soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

Het jy al ooit iemand ontmoet wat dink dat hy alles weet? Miskien kan hy al jou vrae beantwoord of miskien kry hy 'n "A" vir toetse by die skool. Jy dink miskien hy is die wonderlikste persoon op die hele aarde. Dit maak egter nie saak hoe baie jou vriend weet nie, hy weet nog niks in vergelyking met God nie. God weet alles.

God het al die kennis – Hy weet van alles in die hele wêreld. Omdat God alwetend is, gebruik Hy al daardie kennis op die beste manier moontlik. Omdat God alles gemaak het, verstaan Hy alles en het Hy die perfekte planne. Hy weet wat is die beste vir jou. In sy wysheid, voer Hy sy planne vir jou uit. God weet presies wat Hy in jou lewe toelaat, al is party dinge moeilik. Hy werk deur daardie moeilike situasies vir jou eie beswil en tot Sy eer. Elke ding wat jou liefdevolle Hemelse Vader in jou lewe toelaat is wys en goed.

Die Bybel sê: “U het baie dinge geskep, Here,...U het alles in wysheid geskep...” (Psalm 104:24). God het alles gemaak en Hy weet alles. Hy het jou lief en wil hê jy moet Hom met jou hele hart vertrou. Gaan jy Hom vandag vertrou?

**DINK HIEROOR!**

Watter sinne is reg?

God weet alles.

Mense weet alles.

Jy weet wat is die beste.

God weet wat is die beste.

**PRAAT MET GOD**

Loof God omdat Hy alles weet. Sê vir Hom dat jy Hom sal vertrou en weet dat Hy deur alles sal werk wat in jou lewe gebeur.

**MATTEUS 6:25-26**

²⁵ “Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? ²⁶ Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle Hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

Almal van ons het behoeftes – dinge wat ons moet hê, soos kos, klere en ‘n blyplek. Heel waarskynlik sorg jou ouers dat jy hierdie dinge het. Maar het jy geweet dat dit God is wat voorsien, sodat jou behoeftes vervul kan word?

God weet van al jou basiese behoeftes. Hy weet ook dat jy ‘n behoefte aan liefde, aanvaarding en veiligheid het. Miskien kan daardie mense wat na jou moet omsien nie in jou behoeftes voorsien nie. Miskien moet jou familie op ander steun vir hulp. Miskien probeer jy met tye om in jou eie behoeftes te voorsien. Maar God wil hê dat jy eerste op Hom sal vertrou om vir jou te voorsien. Hy is jou Hemelse Vader wat vir jou meer omgee as enige iemand anders.

Daar is geen behoefte wat te groot of te moeilik vir God is om in te voorsien nie. Die Bybel leer: “...God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien...” (Filippense 4:19). God het al die rykdom in die wêreld. Hy kom niks kort nie en daarom is Hy instaat om in enige behoefte te voorsien.

God het nie belowe om te voorsien in alles wat jy wil hê nie, maar dat Hy in jou behoeftes sal voorsien. Vertrou op God. Vertel Hom van al jou behoeftes en vertrou dat Hy vir jou sal voorsien.

**DINK HIEROOR!**

In watter behoeftes kan God voorsien ?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy die krag het om in al jou behoeftes te voorsien. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou.

9

Wat doen God in die wêreld?



JESAJA 40:28-29

²⁸ Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. ²⁹ Hy gee die vermooides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie.

Het jy al ooit gewonder wat God die hele dag doen? Wat op aarde doen God? Eerstens, weet jy dat God die hele aarde en alles daarin geskape het. Die Bybel sê: "...U het die hemel gemaak, die hoogste hemel en sy hele leërmag, die aarde en alles daarop, die oseane en alles daarin. U laat hulle almal lewe..." (Nehemia 9:6). Alles behoort aan God.

'n Ander ding wat God op aarde doen is om te regeer oor sy skepping. God het totale beheer oor alles. Hy het beheer oor die heelal, die diere, die nasies van die aarde en oor die mense. Hy het beheer oor die natuur – die sonskyn, donderweer, weerlig, reën en sneeu. Die hele natuur is gehoorsaam aan Hom. God laat alles in die wêreld verloop volgens Sy plan. God wil altyd die beste hê vir Sy skepping.

Lyk dit soms of God nie in beheer is nie? Miskien is dit omdat daar soveel slegte dinge aan die gebeur is op die aarde. God sorg vir alles. Jy hoef nie meer bekommerd te wees nie, want God sorg vir die hele wêreld en Hy sorg vir jou!



DINK HIEROOR!

Noem vyf dinge in die wêreld wat deur God beheer word.



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy in beheer van die wêreld en alles in die wêreld is. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou en nie bekommerd te wees nie.

10

Weet God van alles in my lewe?



PSALMS 139:13-15

¹³ U het my gevorm, my aanmeakaargeweef in die skoot van my moeder. ¹⁴ Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. ... ¹⁵ geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmeakaargeweef is diep in die moederskoot.

Het jy al ooit probeer om iets aan 'n vriend te verduidelik en hy staar net na jou? Jy het dalk gedink, *Verstaan niemand dan wat ek dink of voel nie?*

God weet van alles in die heelal en God weet alles van jou. Die Bybel sê: "Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes..." (Psalm 139:2-3). God ken jou gedagtes en Hy weet hoe jy elke oomblik van die dag voel. Hy weet wanneer jy in die oggend opstaan en wanneer jy in die bed klim. Hy sien jou trane en hoor ook wanneer jy lag. God weet wanneer jy gefrustreerd is. Hy weet van die kleinste beweging wat jy maak. Hy weet ook van elke geheime sonde. En al weet God alles van jou af het Hy jou steeds baie lief!

Niks gebeur in jou lewe sonder dat God daarvan weet nie. Miskien verstaan niemand jou, of jou omstandighede nie, maar God verstaan jou heeltemal. Hy weet alles oor jou verlede, jou hede en jou toekoms. Omdat Hy die toekoms ken, kan Hy jou daarvoor voorberei. Is dit nie wonderlik om te weet dat God alles van jou weet nie? Vertrou Hom dat Hy sal doen wat die beste vir jou lewe is.



DINK HIEROOR!

God ken en verstaan van jou verlede, hede en



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy alles van jou weet en jou liefhet. Vra God om jou te help om Hom te vertrou dat Hy die beste vir jou sal doen.

**SPREUKE 3:5-6**

⁵ Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. ⁶ Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Voel dit soms vir jou asof niemand vir jou omgee nie? Wanneer moeilike dinge gebeur voel dit dalk asof jy alleen is, maar daar is iemand wat altyd vir jou omgee. Daardie iemand is God.

As jy die Here Jesus Christus as jou Redder ken, kan jy God vertrou om vir jou te sorg. Miskien moet jy alleen by die huis bly as jy van die skool af kom terwyl jou ouers werk. Miskien bly jy op 'n plek waar daar baie geweld plaasvind en jy is bekommerd oor jou eie veiligheid. Dit is natuurlik om partykeer bang te voel – ons wêreld kan soms 'n vreeslike plek wees! Dink jy God weet van al die gevare in jou lewe? Ja, en Hy gee vir jou om. Wat moet jy doen wanneer jy alleen en bang voel? Die Bybel sê: “Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.” (1 Petrus 5:7). Dit maak nie saak wat die probleem is nie, God kan vir jou sorg.

Omdat jy God se kind is, het Hy 'n plan vir jou lewe. Hy kan enige situasie laat uitwerk, maak nie saak hoe moeilik dit is nie. Wanneer jy in 'n moeilike situasie is moet jy vir God daarvan vertel. Dink aan hoe magtig Hy is – Hy kan enige iets doen. Sê vir Hom dankie omdat Hy jou liefhet en vir jou sorg.

**DINK HIEROOR!**

Wat behoort jy te doen wanneer jy in 'n moeilike situasie is?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy jou liefhet en vir jou sorg. Vra Hom om jou te help om Hom in alles wat gebeur te vertrou.



PSALMS 23:1-3

¹ Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. ² Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is.

³ Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

Dawid was 'n skaapwagter. Hy het die skape ver van sy huis af opgepas. Hy het die skape gelei om groen gras te eet en vars water te drink. Soms het Dawid op sy harp gespeel. Hy was lief vir God en het liedjies oor Hom gemaak. Dawid het altyd aan God gedink.

Dink jy aan God gedurende die dag? Weet jy dat Hy by jou is al kan jy Hom nie sien nie? Jy behoort sommer elke dag baie aan Hom te dink. Wanneer jy blomme sien, of die voëls hoor sing, kan jy dink aan hoe wonderlik God is. Wanneer jy oor God dink terwyl jy by die skool is of wanneer jy speel sal jy Hom gelukkig wil maak.

Wanneer jy aan God dink terwyl jy speel sal jy nie kwaad of selfsugtig word nie. Wanneer jy aan God dink terwyl jy jou skoolwerk doen, sal jy jou werk reg doen. As jy baie aan God dink, hoe kan jy dan sonde doen? Hoe kan jy dan bekommerd of hartseer wees? Die Bybel sê: “Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel” (Jesaja 26:3). God wil hê jy moet gedurig aan Hom dink.

DINK HIEROOR!

Noem 'n paar tye deur die dag wanneer jy aan God kan dink.



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy by jou is. Vra Hom om jou te help om die hele tyd aan Hom te dink en te onthou hoe groot Hy is.



PSALMS 111:7-8

⁷ Wat Hy doen, getuig van trou en reg, al sy voorskrifte staan vas,
⁸ hulle is vir altyd geldig, hulle is gegee in trou en regverdigheid.

Wat dink jy sal gebeur as God skielik besluit dat Hy nie meer God wil wees nie? Hoe verskriklik sal dit nie wees as God sou ophou om ons wêreld te beheer nie. As God van plan sou verander om ons lief te hê en te vergewe, sou ons nie meer kon aangaan nie.

Die goeie nuus is dat dit nooit sal gebeur nie, omdat God nooit verander nie! Die Bybel sê: "...ja, van ewigheid tot ewigheid is U God..." (Psalm 90:2). God word nie ouer nie. Hy kry nie nuwe kragte by nie en Hy verloor nie van dié wat Hy gehad het nie. Hy word nie sterker óf swakker óf wyser nie. Hy word nie beter nie – Hy is alreeds perfek!

God se Woord sal altyd die Waarheid wees. God sal nooit van plan verander oor sonde en vergifnis nie. Hy sal jou nooit meer of minder liefkry as wat Hy jou nou het nie. Hy sê: "...Ek het jou nog altyd liefgehad..." (Jeremia 31:3).

Omdat God nooit verander nie, kan jy op Hom vertrou. Hy sal altyd daar wees vir jou. Hy sal jou altyd liefhê en jou altyd vergewe. Hy sal altyd doen wat die beste vir jou is. Hy sal altyd Sy beloftes hou wat Hy aan jou gemaak het. Die beste van alles, jy kan daarna uitsien om vir altyd saam met Hom in die Hemel te wees!



DINK HIEROOR!

Voltooi die sin: ek is dankbaar dat God nooit verander nie omdat...



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy nooit verander nie. Vra Hom om jou te help om te onthou dat Hy altyd by jou is en Sy beloftes te vertrou.

**HANDELINGE 16:23, 25**

²³ Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder het opdrag gekry om hulle streng te bewaak...

²⁵ Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister.

“Gooi hulle in die tronk,” het die skare daardie dag waarskynlik kwaad uitgeroep, terwyl hulle vir Paulus en Silas aangeval het. Die owerhede het opdrag gegee dat hulle baie geslaan moes word. Met hulle bloeiende rûe is hulle in die tronk gegooi. Hoe maklik moes dit nie vir hulle gewees het om te begin brom en kla in daardie donker tronk nie, maar hulle het nie.

Die Bybel sê dat Paulus en Silas begin bid het en liedere gesing het tot God. Die ander gevangenes en die tronkbewaarder het hulle gehoor. Paulus en Silas was getuies vir die mense rondom hulle gedurende hierdie moeilike tyd. Dit was middernag. Skielik het ‘n aardbewing die tronkdeure oopgeskud. Die tronkbewaarder was bang dat hulle ontsnap het en hy was op die punt om homself dood te maak, maar Paulus het na hom uitgeroep. Die tronkbewaarder het gevra: “Wat moet ek doen om gered te word?” Hulle het teenoor hom getuig en daardie aand het hy en sy gesin in Jesus Christus geglo (Handelinge 16:25-31).

Gaan jy deur ‘n moeilike tyd in jou lewe? Onthou wat Paulus en Silas gedoen het. Hulle het gebid en God geprys. Hulle regte gesindheid was ‘n getuienis vir die mense om hulle. Wat van jou gesindheid? Sal jy God toelaat om jou te gebruik as ‘n getuie in ‘n moeilike tyd?

**DINK HIEROOR!**

Merk dit wat ‘n **goeie** getuienis in ‘n moeilike tyd sal wees.

Bid**Kwaad****Sing lofliede****Kla en kerm****Lees die Bybel****PRAAT MET GOD**

Vra vir God om jou te help dat jy die regte gesindheid sal hê sodat jy ‘n goeie getuie vir Hom sal wees.



1 PETRUS 5:6-7

⁶ Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. ⁷ Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

Het jy al ooit 'n legkaart gebou? Wanneer jy al die stukke van die legkaart uitpak is dit 'n taamlike deurmekaar spul! Elke stukkies het egter 'n spesiale plek. Wanneer al die stukkies op die regte plek is, sien jy 'n pragtige prent.

God het 'n plan vir jou lewe wat uit baie stukkies bestaan. Daar is baie goeie dinge wat God vir jou beplan het. Hy laat ook toe dat daar moeilike dinge in jou lewe gebeur. God is besig om al die dinge saam te sit, op Sy spesiale manier. Dit word die voorsiening van God genoem. Voorsiening beteken dat God altyd sorg vir Sy mense en dat Hy in beheer is van alles wat in hulle lewens gebeur. Die Bybel sê: “Ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir dié wat Hom liefhet” (Romeine 8:28).

Met tye sal jy dalk nie verstaan waarom iets met jou gebeur nie, maar niks is ooit vir God 'n verassing nie. Jy kan God eer vir sy voorsiening, selfs al kan jy nie nou sien hoe die legkaart gaan lyk as dit klaar is nie. Kyk elke dag vir maniere waarop God aan die werk is. God weet en doen altyd wat die beste is. Sê vir Hom vandag dankie vir sy voorsiening.



DINK HIEROOR!

Noem een van die **goeie** of **moeilike** dinge wat God in jou lewe toegelaat het.



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie vir Sy voorsiening in jou lewe. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou in alles wat gebeur.



EFESIËRS 2:8, 10

⁸ Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. ¹⁰ Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

“Hoekom is ek hier?” Baie mense het al hierdie vraag gevra. Is daar 'n rede waarom God jou op die aarde gesit het? Die antwoord is: “Ja!” God doen alles vir 'n rede. Mense laat die lewe aangaan op ons planeet, maar daar is soveel meer as net om te lewe.

In God se perfekte plan, het Hy jou spesiaal gemaak. Daar is niemand anders soos jy nie, selfs al is jy een van 'n tweeling! Jou geaardheid, die manier waarop jy dink oor dinge, die dinge wat jou laat lag of huil – dit alles maak dat jy verskil van ander. God het jou doelbewus so gemaak. Jy is enig in jou soort!

God het ook 'n doel (plan) vir wat Hy wil hê jy moet word. Hy wil hê dat jou lewe Hom moet verheerlik (eer). God sê in die Bybel: “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!” (Jeremia 29:11) God het goeie planne vir jou lewe. In sy voorsiening laat Hy net die beste toe. Selfs wanneer moeilike dinge gebeur, onthou dat God 'n doel het – 'n plan – wat Hy besig is om uit te werk vir jou eie beswil en tot Sy verheerliking.



DINK HIEROOR!

Selfs wanneer moeilike dinge , het God 'n vir jou lewe.



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy jou spesiaal gemaak het.
Sê vir Hom dankie dat Hy 'n goeie plan vir jou lewe het. Vertrou Hom om Sy plan te laat werk.

**GENESIS 41:15-16**

¹⁵ Die farao het vir Josef gesê: “Ek het ‘n droom gehad, maar daar is niemand wat dit kan uitleë nie. Toe het ek van jou gehoor: jy lê ‘n droom uit as jy hom hoor.” ¹⁶ Josef het vir die farao gesê: “Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u.”

Die Bybel vertel van ‘n jong man met die naam Josef. Hy het grootgeword saam met tien broers wat ouer as hy was! Josef se pa was die liefste vir hom. Hy het selfs vir Josef ‘n pragtige kleed gegee. Maar Josef se broers was baie jaloers.

Eendag was Josef se broers in die veld, besig om hulle pa se skape op te pas, toe hulle vir Josef sien aankom. Hulle het sy pragtige kleed gevat en hom in ‘n diep gat in die grond gegooi. Later het hulle Josef as ‘n slaaf verkoop. Josef het deur baie moeilike tye gegaan. Hy moes selfs in Egipte tronk toe gaan vir iets wat hy nie gedoen het nie.

Terwyl Josef in die tronk was, het die koning ‘n vreemde droom gehad. God het vir Josef die wysheid gegee om die droom te verstaan. Die koning het vir Josef beloon deur vir hom ‘n belangrike werk te gee. God het vir Josef gesê om baie graan te bêre omdat daar binnekort nie kos sou wees om te eet nie. Josef was gehoorsaam en baie mense is gered van ‘n hongersnood.

God het goeie planne vir Josef se lewe gehad, selfs al was dit soms moeilik. God se doel vir Josef was om te leer om in Hom te glo en op Hom te vertrou. Die moeilike tye waardeur Josef gegaan het, het hom voorberei vir die werk wat God vir hom gehad het. Josef het God se plan gevolg en sy lewe het God verheerlik.

**DINK HIEROOR!**

Noem twee maniere waarop jy God se voorsiening in Josef se lewe kan sien?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy jou spesiaal gemaak het. Vertrou Hom om Sy goeie plan in jou lewe te laat uitwerk.

18

Hoe het Josef in moeilike tye gereageer?



GENESIS 50:19-20

¹⁹ Maar Josef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. ²⁰ Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat ‘n groot volk nou in die lewe gebly het.

Dink net hoe dit is om deur jou familie gehaat te word. Stel jouself voor hoe dit moet wees om as ‘n slaaf verkoop te word of om in die tronk gegooi te word vir iets wat jy nie gedoen het nie. Hierdie moeilike dinge het met Josef in die Bybel gebeur.

Hoe het hy gereageer? Het hy kwaad geword vir God? Wou Hy sy broers terugkry? Nee! Selfs al was dit moeilik het Josef op God vertrou en Hom gehoorsaam. Hy het hard gewerk en sy beste gedoen. Na baie swaarkry het Josef ‘n belangrike man in Egipte geword.

Eendag het sy broers gekom om graan te koop. Hulle het Josef nie herken nie, maar hy het hulle herken. Josef het die mag gehad om hulle te straf. Maar hy het hulle vergewe eerder as om hulle te straf! Hy het gesê: “Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen...” (Genesis 50:20). Josef het vir die res van sy lewe vir sy familie gesorg.

Josef het gesien dat alles wat gebeur het, deel van God se plan was. God het vir hom gesorg en het ook Sy doel met Josef bereik. Al het mense slegte planne, God se goeie planne kan nooit vernietig word nie. Josef het in moeilike tye met vergifnis en vertroue op God se voorsiening gereageer. Hoe tree jy in moeilike tye op?



DINK HIEROOR!

Vir watter moeilike dinge in jou lewe het jy nodig om God te vertrou?



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy die slegte dinge in jou lewe vat en dit in iets goed verander. Vra Hom om jou te help om ander te vergewe.

**JAKOBUS 1:2, 12**

² My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom,...¹² Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet.

“Dit is nie regverdig nie!” “Hoekom gebeur slegte dinge altyd met my?” Het jy al ooit dinge soos hierdie gedink of gesê? Ons gaan almal deur moeilike tye in ons lewens. Siekte of egskeiding in jou gesin kan moeilike ervarings wees om deur te maak. Miskien het jou gesin nie blyplek nie omdat jou ouers nie werk het nie. Miskien spot ander jou omdat jy ‘n Christen is.

Dit is ‘n groot versoeking om in moeilike tye vir God kwaad te word. Jy dink dalk, “As God my regtig liefgehad het, sou Hy nie toelaat dat hierdie slegte ding gebeur nie.” Die is nie waar nie. God het jou altyd lief en Hy gee altyd vir jou om! Hy is altyd besig om Sy plan vir jou lewe uit te werk. God gebruik moeilike tye om jou te help om Hom meer te vertrou. Op hierdie manier sal ander sien hoe Jesus in jou werk en jou lewe sal God verheerlik.

As moeilike tye kom moet jy onthou dat God soewerein is – Hy is in beheer! Hy weet van alles wat met jou gebeur en Hy laat net die beste toe. Vertel vir God hoe jy voel. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou. Vra Hom om dit binne-in jou stil te maak. Wag dan geduldig vir God om jinge te laat uitwerk wat vir jou die beste is.

**DINK HIEROOR!**

Vertel vir God hoe jy voel oor die dinge wat nou in jou lewe gebeur.

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy vir jou ‘n doel het. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou om Sy plan te laat uitwerk.

**ROMEINE 5:3-4**

³ Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, ⁴ en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop.

Hoekom kan dit nie maar altyd goed gaan nie? Hoekom moet daar lyding (swaarkry) wees? God wil hê jy moet sterk word om soos Hy te wees. Dit beteken dat Hy soms toelaat dat jy swaarkry.

Lyding beteken om seer te kry in jou liggaam of in jou gevoelens. Party mense ly aan siektes en het pyn. Ander mense ly omdat hulle hartseer of kwaad is, of omdat hulle gevoelens seergemaak is. Daar was geen lyding in die wêreld voordat die eerste mense, Adam en Eva, gesondig het nie. 'n Deel van die gevolge van sonde is dat daar lyding in die wêreld sou wees. Nou gaan almal deur tye van lyding.

Partykeer laat God lyding toe om jou te help om meer soos Hy te word. Lyding kan jou help om meer geduldig te word terwyl jy vir God wag om te werk. Lyding kan jou help om meer moed te hê terwyl jy God vertrou om vir jou te sorg.

God laat jou nooit alleen swaarkry nie. Hy is altyd daar om jou te help. Eendag gaan God alle lyding wegneem van sy kinders. Tot dan kan jy Hom vertrou om by jou te wees. Laat Hom toe om jou te help om kalm in jou binneste te wees, selfs terwyl jy swaarkry. Laat God toe om lyding in jou lewe te gebruik om jou te help om as Christen sterker te groei.

**DINK HIEROOR!**

Noem 'n paar redes waarom mense swaarkry?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy goed en wys is. Dank Hom dat Hy in swaarkry-tye by jou is. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou.



2 KORINTIËRS 1:3-4

³ Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. ⁴ In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.

Die Bybel vertel van 'n man wat meer gely het as wat meeste mense ly. Sy naam was Job. Sy kinders het in 'n storm gesterf. Hy het sy huis en al sy besittings verloor. Hy het ook 'n siekte gehad wat baie pyn veroorsaak het. Party mense het gesê dat God hom straf, maar Job het geweet dat God vir hom omgee. Hy het vir God van sy probleme vertel en gesê hoe hy in sy binneste voel.

Jy moet ook doen wat Job gedoen het wanneer jy ly. Jy mag dalk kwaad voel. Miskien dink jy dat God nie omgee nie, maar God géé om. Vertel vir Hom van jou lyding. Vra vir God om jou te help om geduldig en moedig te wees.

Een manier waarop God sy kinders troos is deur sy Woord. As jy 'n Bybel het, lees 'n paar verse uit Psalms. God se Woord sê dat ons deur geduld en troos uit die Bybel, hoop kan hê. (Romeine 15:4)

Terwyl jy met God praat en uit Sy Woord lees, kan Hy dalk vir jou 'n antwoord gee vir jou probleem. God kan egter kies om jou op 'n ander manier te troos. Hy kan jou dalk daaraan herinner dat Hy jou liefhet en 'n plan vir jou lewe het. Wees soos Job en vertrou dat God aan die werk is, selfs in jou lyding. Laat God jou troos.



DINK HIEROOR!

God wil jou wanneer jy .



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy jou troos wanneer jy swaarkry.
Sê vir God dankie dat Sy Woord vir jou hoop gee.



PSALMS 56:4-5

⁴ Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U ⁵ In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertrou, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?

Wanneer jou liggaam nie lekker voel nie, kan dit baie moeilik wees om op God te vertrou. As jy baie siek is, moet jy dalk hospitaal toe gaan. Jy kan dalk bang voel, maar onthou dat God altyd weet waar jy is. Hy is daar by jou. God is die Een wat jou liggaam gemaak het. Hy weet meer van jou liggaam as die beste dokter. Hy sal net dit toelaat wat die beste vir jou is. Hy kan vir die dokter wysheid gee om uit te vind wat fout is en hoe om jou te help.

As jy hospitaal toe moet gaan, gee daardie probleem vir Jesus. Bid vir die dokter – dat God hom sal help om te weet wat om vir jou te doen. Vra vir God om jou te help om dapper te wees. Jy kan saam met een van die skrywers van die Bybel sê: “Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U [God]” (Psalms 56:4).

Miskien kan jy vir jou dokter of 'n verpleegster vertel hoe God jou help om dapper te wees. Jy kan dalk selfs iemand anders wat bang is bemoedig. Of jy net vir 'n paar dae in die hospitaal is en of jy vir 'n lang tyd daar moet wees, God sal daar wees. Jy kan Hom vertrou om jou te help en vir jou te sorg!



DINK HIEROOR!

Waarom kan jy God vertrou selfs as jy siek of in die hospitaal is?



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy alles van jou liggaam weet. Vra Hom om jou te help om dapper te wees selfs as jy hospitaal toe moet gaan.



1 TESSALONISENSE 4:13-14

¹³ Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. ¹⁴ Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.

Jeremy se oupa is dood. Hy sou hom baie mis. Jeremy het trane in sy oë gekry as hy aan al die lekker tye wat hy saam met oupa gehad het gedink het.

Wanneer iemand vir wie jy lief is doodgaan, is dit normaal om hartseer te voel. Dit is goed om te huil. God weet hoe jy voel. Jy sal daardie persoon mis en dalk wonder waarom die persoon moes doodgaan. God het al jou dae beplan. Hy het geweet wanneer jy gebore moes word. Hy weet wanneer elke persoon sal doodgaan.

Die Bybel sê: “Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie” (Psalms 116:15). ‘n Heilige is ‘n persoon wat Jesus ken as sy Redder. Wanneer so ‘n persoon doodgaan, gaan bly hy by die Here Jesus. As jy Jesus as jou Redder ken, gaan jy daardie persoon weer eendag in die Hemel sien. Jy kan weet dat hy gelukkig en tevrede in die Hemel is. Miskien is jy nie seker of die persoon wat gesterf het vir Jesus geken het nie. Jy moet vertrou dat God weet. God doen altyd wat reg en regverdig is. Praat met God oor hoe jy voel. God is jou Hemelse Vader. Hy kan jou vertroos wanneer jy hartseer is. Is dit nie goed om te weet dat jy hierdie probleme vir Jesus kan gee nie?



DINK HIEROOR!

Kan jy iets goeds onthou van iemand wat dood is?



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie dat Hy weet hoe jy voel wanneer iemand vir wie jy lief is doodgaan. Praat met Hom daaroor.

**HEBREËRS 11:1, 6**

¹ Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. ⁶ As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.

Sit jy nou plat? Het jy eers gekyk of die stoel sterk genoeg is om jou te hou? Nee! Jy het heel waarskynlik nie eers daaraan gedink nie. Lig nou jou voete van die vloer af op. Jou hele gewig rus nou op die stoel, jy vertrou nou die stoel alleen om jou hele gewig te dra. Jy het vertroue in die stoel.

Die Bybel sê: “As ‘n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil” (Hebreërs 11:6). Geloof in God beteken dat mens glo sonder om dit wat God sê te bevraagteken en om te doen wat Hy sê. Dit beteken dat jy Hom volkome vertrou. Jy het jou vertroue in die Here Jesus Christus gesit toe jy in Hom geglo het as jou Redder. Noudat jy 'n Christen is wil God hê dat jy steeds vertroue in Hom moet hê.

Jy het geloof nodig om die moeilike dinge in jou lewe te hanteer. Jy het geloof nodig om “Nee” te sê vir sonde. Jy het geloof nodig om vertroue te hê in God se plan vir jou. In Hebreërs hoofstuk 11 noem die Bybel 'n hele klomp mense wat helde was oor hulle geloof in God. Hulle was net soos ek en jy. God vertel vir ons van hulle om ons te bemoedig om geloof te hê. God is getrou aan jou – jy kan geloof in Hom hê!

**DINK HIEROOR!**

Voltooi die sin: Vir my beteken geloof in God ...

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy getrou is aan jou. Vra Hom om jou te help om geloof in Hom te hê vir elke ding in die lewe.

**1 SAMUEL 17:45-46**

⁴⁵ Maar Dawid sê vir die Filistyn: “... ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. ⁴⁶ Vandag sal die Here jou in my mag oorgee ... sodat die hele wêreld kan besef dat Israel ‘n God het..

‘n Jong man met die naam Dawid het ‘n REUSE probleem gehad! Die Bybel vertel vir ons van ‘n reus wie se naam Goliat was. Hy het dreigemente vir die weermag van Israel geskree. Hy het gespot met die ware lewende God. Die Israeliete was almal bang – selfs die koning.

Dawid was kwaad toe hy Goliat se bese woorde hoor. Hy het na koning Saul toe gegaan en gesê dat hy teen die reus sal veg. Maar Dawid was jonk. Hy was nie ‘n sterk soldaat nie. Hoe kon hy teen hierdie groot vyand veg?

Dawid het geweet dat hy nie vir Goliat kan verslaan nie – maar God kon. Dawid het vir die koning vertel dat terwyl hy sy pa se skape opgepas het, het ‘n leeu en ‘n beer hulle aangeval het. God het vir Dawid gehelp om hulle dood te maak. Toe het Dawid gesê, “Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my red uit die mag van [Goliat]” (1 Sam 17:37).

Wanneer jy ‘n probleem het, kan jy doen wat Dawid gedoen het. Dink aan probleme waarmee God jou al in die verlede gehelp het. Dink aan hoe getrou en betroubaar God is. Vertrou God dan om jou weer te help. Hy het dit vir Dawid gedoen! Met God se hulp het Dawid die reus doodgemaak. God sal jou ook help as jy op Hom vertrou.

**DINK HIEROOR!**

Op watter manier het God jou met ‘n groot probleem gehelp?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie vir hoe Hy jou voorheen gehelp het. Dank Hom dat jy Hom nog steeds met elke probleem kan vertrou.

**2 KORINTIËRS 12:7-9**

⁷ Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee ... ⁸ Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. ⁹ Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

Baie keer wanneer mense bid laat God probleme ophou, maar nie altyd nie. Paulus, 'n man in die Bybel het 'n baie groot probleem gehad. Dit kon 'n pynlike fisiese probleem gewees het. Wat dit ookal was, Paulus wou daarvan ontslae raak. Hy het gebid – nie eenkeer nie, ook nie tweekeer nie, maar drie keer! Elke keer het Paulus vir God gevra om die probleem weg te vat. (2 Korintiërs 12:7-8).

God het Paulus se gebed beantwoord, maar nie soos jy dalk mag dink nie. God het vir Paulus gesê, "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is" (2 Korintiërs 12:9). Omdat God se krag die beste gewys kan word in dit waarin ons swak is, was sy antwoord vir Paulus "nee." Hy het toegelaat dat Paulus se probleem aanhou. God wou Sy genade in Paulus se lewe wys deur vir hom die krag te gee om deur die probleem te gaan.

God kan dalk jou probleem wegvat wanneer jy bid, maar soms wil God vir jou die genade gee om deur dit te gaan. Hy wil hê jou lewe moet eer en lof vir Hom bring. Partykeer kan dit die beste gedoen word deur lyding. Wanneer ander sien hoe God jou die krag gee om op Hom te vertrou, dan sal hulle Hom eer. Miskien sal hulle bemoedig word om ook op Hom te vertrou.

**DINK HIEROOR!**

Waarom dink jy neem God nie altyd jou probleme weg nie?

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat jy Sy krag kan hê om deur probleme te gaan. Vra Hom om jou te help om Hom altyd te vertrou.

**FILIPPENSE 4:6-7**

⁶ Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. ⁷ En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Daar is waarskynlik niemand wat as Christen meer gely het as Paulus, een van Jesus se navolgers nie. In 2 Korintiërs 11:23-33 vertel Paulus van baie van sy moeilike tye. Hy is dikwels in die tronk gegooi omdat hy vir mense van Jesus vertel het. Hy is baie kere geslaan. Hy was drie keer op skepe wat gesink het en het eenkeer vir 'n dag en 'n nag op die oop see rondgedryf. Hy is aangeval deur rowers. Hy is vals beskuldig dat Hy verkeerde dinge gedoen het. Sy lewe was die hele tyd in gevaar. Teen die einde van sy lewe was Paulus vasgeketting in 'n koue, klam tronk-kelder. Uiteindelik sou hy doodgemaak word omdat hy 'n Christen is.

Het Paulus gekla of jammer vir homself gevoel? Nee, hy het die Here gedank! In sy donker tronksel het Paulus hierdie woorde geskryf: “Wees altyd bly in die Here!” (Filippense 4:4). Hoe kon Paulus bly wees? Hy het geweet dat God in beheer was. Hy het op God vertrou, maak nie saak wat gebeur het nie.

Wat van jou? Is jy dankbaar, selfs in moeilike tye? Moenie begin kla en brom en jammer voel vir jouself nie. Wees eerder dankbaar. Hoe? Dink aan alles wat God vir jou gedoen het. Dank Hom dat Hy in beheer is en dat Hy daar is om jou te help.

**DINK HIEROOR!**

Maak 'n lys van dinge wat God vir jou gedoen het.

**PRAAT MET GOD**

Sê vir God dankie dat Hy altyd by jou is, selfs in swaarkry-tye.



1 JOHANNES 5:14-15

¹⁴ En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. ¹⁵ En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.

Wanneer jy bid oor iets, sal God jou antwoord? Hy belowe om te antwoord as jy Sy kind is. God sê, “Roep My aan, Ek sal jou antwoord.” God sê nie, “Dalk sal Ek jou antwoord nie” maar “Ek sal antwoord.” Beteken dit dat Hy altyd vir jou gaan gee wat jy wil hê? Nee. God sal doen wat Hy weet die beste vir jou is.

Partykeer in die Bybel het God vir mense gegee waarvoor hulle gebid het. Hy het vir Hanna ‘n babaseuntjie gegee toe sy gevra het (1 Samuel 1:20). Ander kere was God se antwoord “nee.” Paulus wou hê dat God ‘n probleem wat hy gehad het, moes wegneem (2 Korintiërs 12:7-9). God het “nee” gesê. In plaas daarvan het Hy vir Paulus gehelp om die probleem te hanteer. Die derde antwoord wat God gegee het was “wag.” Twee susters wou hê dat Jesus hulle siek broer Lasarus, gesond moes maak. Die Here Jesus het gewag totdat Lasarus dood is. Toe het Jesus Hom weer lewendig gemaak! Die mense het besef dat Jesus regtig die Seun van God is! (Johannes 11:5, 32, 43-44)

God gee dieselfde antwoorde vandag nog vir gebed. Hy mag “ja,” sê; Hy mag “nee” sê of Hy mag sê “wag.” Jou werk is om aan te hou bid en glo dat God jou gebed sal beantwoord op ‘n manier wat Hy weet die beste vir jou is.



DINK HIEROOR!

Merk die antwoorde wat God vir jou kan gee wanneer jy bid?

Wag

Nee

Ja

Ek gee nie vir jou om nie



PRAAT MET GOD

Vra God om jou te help om Hom te vertrou om jou gebed op ‘n manier te antwoord wat vir jou die beste is. Dank Hom dat Hy jou hoor en antwoord.



JESAJA 55:8-9

⁸ My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; ⁹ soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

Koning Dawid het 'n baie ongewone lewe geleef. Hy moes seker partykeer gewonder het waarom God gekies het om hom so baie avonture te gee. Daar moes baie dinge gewees het wat Dawid nie verstaan het nie. Baie van Dawid se vrae is seker nooit beantwoord terwyl hy gelewe het nie.

Is daar dinge wat jy nie verstaan nie? Jy kan baie antwoorde in die Bybel kry. God kan jou ook help om te verstaan wanneer jy bid. God het dalk ook vir jou wyse, goddelike volwassenes gegee om jou te help wanneer jy iets nie verstaan nie. Hoe ookal, partykeer het jy vrae wat nie beantwoord sal word tot op die dag wat jy by God in die Hemel sal wees nie.

As daar iets is wat jy nie verstaan nie, soek in God se Woord en vra Hom om jou te help. As jy dan nog steeds nie verstaan waarom dinge is soos wat dit is nie, besluit om Hom ten spyte daarvan te vertrou. Moenie vertrou op dit wat jy wel verstaan nie, maar erken dat God se gedagtes groter is as joune. Onthou dat Hy jou liefhet. Hy het belowe dat Hy jou die pad sal wys as jy op Hom vertrou. Die Bybel sê: “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.” (Spreuke 3:5-6).



DINK HIEROOR!

Is daar iets in jou lewe wat jy nie verstaan nie?



PRAAT MET GOD

Vra God om jou te help om Hom te vertrou wanneer jy nie verstaan waarom dinge gebeur nie.



PSALMS 136:1-3

¹ Loof die Here, want Hy is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie. ² Loof die oppermagtige God. Aan sy liefde is daar geen einde nie. ³ Loof die magtigste van alle maghebbers. Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Hoe weet jy of iemand jou liefhet? Daardie persoon sê vir jou mooi dinge. God sê mooi dinge vir jou in die Bybel. Hy sê: "...Ek het jou nog altyd liefgehad..." (Jeremia 31:3).

Die persoon wat jou liefhet luister wanneer jy met hom of haar praat. God luister wanneer jy met Hom praat en Hy gee antwoorde! "Roep my aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie." (Jeremia 33:3).

Die persoon wat jou liefhet gee vir jou dinge wat hy of sy weet jy van hou. God is die Een wat "... alles ryklik aan ons gee om te geniet..." (1 Timoteus 6:17). Dank Hom vandag vir iets goed wat Hy vir jou gegee het.

Die persoon wat jou liefhet help jou wanneer jy dit nodig het. God sê: "Roep my aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp..." (Psalm 50:15).

Die persoon wat jou liefhet hou sy of haar beloftes. God doen dit ook. Hy is getrou aan al Sy beloftes. Hy doen altyd wat die Bybel belowe Hy sal doen.

Maar ten spyte van al hierdie dinge, "Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy eniggebore (uniek-gebore) Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê" (1 Johannes 4:9). Niemand anders wat jou liefhet het al ooit so baie vir jou gedoen nie!



DINK HIEROOR!

Kies een vers uit hierdie dagstukkies wat wys dat God jou liefhet.



PRAAT MET GOD

Sê vir God dankie vir al die maniere waarop Hy Sy liefde vir jou wys.